Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 11/03 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Landsdiens:**

   Wat is die landsdiensbeweging?
   Dit is 'n jeugbeweging met opvoedkundige doelstellings wat primêr op die bewaring van ons omgewing gerig is.

   Wat is die doelstellings van die beweging?
   Verantwoordelike en sinvolle burgerskap, met lojaliteit en liefde vir die eie, dit wil sê:

   - liefde vir die bewaring van die bodem met sy veelvuldig en natuurlike hulpbronne;
   - gehegtheid aan en uitbouing van die tradisies en kultuur sowel as respek en waardering vir dié van ander;
   - ontwikkeling van al die talente wat jongmense nodig het as geestelike toerusting om die uitdagings en probleme van hulle tyd die hoof te bied.

   Wat kos die landsdiensklub?
   Die leerlinge moet jaarliks ledegeld van R150,00 betaal. Ingesluit in die prys is registrasiegeld asook ‘n landsdiensbalkie. Dan is daar ook geldelike bydraes tot kampe, uitstappies en ander aktiwiteite om die uitgawes daaraan verbonde, te dek.

   Inskrywingsvorms beskikbaar by Mev. Simoné van der Mescht. Sluitingsdatum vir inskrywings is 24 Maart.

2. **Individuele skoolfoto's:**
   - Bestellings moet voor/op 17 Maart 2022 by die registeronderwyser ingegee word.
   - Bestudeer al die opsies voor u 'n keuse maak en sit die kontant in die koevert.
   - Die fotograaf hanteer die bestellings. Geen kleingeld word by die skool uitbetaal nie.
   - Bestellings is nie verpligtend nie.

   Dankie vir u ondersteuning.

3. **Finansies:**

   SKOOLGELD

   - Skoolgeld beloop **R1 130,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar Februarie tot November. (Totaal van **R11 300,00 per jaar**)
   - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R880,00** per maand. Betaalbaar Januarie tot Desember.

   Aftrekorders: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en ‘n afskrif aan die skool voorsien.

herotel IGEN

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT òf by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit. Skoolfonds en ander betalings kan nogsteeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

- Kopieerkoste beloop R520,00 per leerder per jaar en moet asseblief teen 25 Maart 2022 betaal wees.

- Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
  ABSA Rekeningnommer: 1970 430047
  Tipe rekening: Tjek
  Takkode: 334415
  Verwysing: **Kind se naam en van**

4. **Sport:**

- Hoërskoolatletiek:
  Hoërskool McLachlan se vier atlete wat in die Sarah Baartman-atletiekspan opgeneem is, het uitstekende prestasies tydens die Oos-Kaap Atletiekkampioenskappe behaal.

  D 0/15 Gerbri Ferreira het ‘n 2de plek in diskus behaal
  D 0/17 Denique Ferreira het ‘n 5de plek in hamergooi en ‘n 6de plek in gewigstoot behaal. As mens in ag neem dat sy nou eers 0/16 is, behoort sy volgende jaar in die 0/17-ouderdomsgroep uitstekend te presteer.
  Mans 19 Nathan Hendricks was 5de in hoogspring.
  Mans 19 Zack Strydom was 3de in spiesgooi en 2de in hamergooi.

  McLachlan is trots op hulle.

- Laerskoolatletiek:
  Vyf van ons laerskoolatlete is in die Sarah Baartman-atletiekspan opgeneem wat 11-12 Maart 2022 in Cradock aan die Oos-Kaap-atletiekkampioenskappe deelneem. Ons wens vir hulle baie sterkte met hul deelname toe.

  S 0/13 Naudé Meyer hoogspring
  D 0/12 Marnelle Oberholster diskus en gewigstoot
  D 0/12 Kelvi-Nay Corneelse verspring
  D 0/12 Nikita Alberts hoogspring
  S 0/10 E.J. Meyer 70 m H

- **Netbal:**
  McLachlan se netbalafrigters hou die skool se naam hoog. Graag wens ons die volgende personeellede geluk met die verkiesing tot die Koukamma-netbalstreekkomitee:

  President: mev. Simoné van der Mescht
  Vise-president en hoërskoolkoordineerder: mej. Lieshe du Preez
  Sekretaresse en tesourier: mev. Nicela Terblanche

- **Despatch-Sportfees:**
  Sterkte aan die spelers wat die naweek deelneem aan hulle eerste sportfees. Hou ons skool se naam hoog en geniet elke oomblik.

herotel IGEM

- **<u>Hoërskool Wittedrift-Sportdag:</u>**
  Die 0/14 – 0/19-netbal neem ook deel aan hulle eerste sportdag te Hoërskool Wittedrift. Sterkte met die dag en geniet elke oomblik.

<u>Bustye:</u>	Misgund	5:15
	Louterwater	5:30
	Krakeelrivier	5:45
	Skool	6:00
	Ravinia	6:10



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit